Figuur 3: Knopwortelaalwurm maak galle op grondboonwortels wat baie soos die stikstofbindende bakteriese knoppies lyk (foto: dr Sonia Steenkamp).

Aalwurms op grondbone

Dr Sonia Steenkamp, LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

Aalwurms kan 'n groot invloed op grondbone hê indien dit nie goed bestuur word nie, omdat dié pes die oesopbrengs, en soms ook die gehalte van die grondbone, beïnvloed. As produsente egter katvoet loop en betyds die aalwurmprobleem stuit voordat dit handuit ruk, kan die oes nog goed gradeer.

Grondboonprodusente moet op die uitkyk wees vir die volgende tekens van 'n probleem:

Bogrondse simptome van 'n ernstige aalwurmbesmetting

As bogrondse simptome sigbaar is, is die aalwurmbesmetting reeds hoog en kan daar nie iets aan gedoen word nie – die skade wat die aalwurms aangerig het, is dan onomkeerbaar. Aalwurmdoders kan ook nie meer onder sulke omstandighede toegedien word nie, omdat dit reeds in die weerhoudingstydperk val. Die simptome sal egter as waarskuwing dien vir die nuwe seisoen, sodat die boer voorkomende aalwurmbeheer kan toepas voordat hy weer grondbone of enige ander gewas plant.

Figuur 1: Alle eenjarige gewasse wat, soos hierdie mielies, deur aalwurms besmet word, toon vergeelde en soms verdwergde plante wat in kolle voorkom (foto: dr Sonia Steenkamp).